

FONDASIES

Ons bou óf op die sand van humanisme, óf op die rots van God se Woord (Matthéüs 7:24-27). Ons is óf wys, óf ons is dwaas. Die vrees van die Here is die beginsel van die wysheid (Psalm 111:10).

TOEGEWING

Sal jy eerder ge-amuseer wil word as wat jy uitgedaag word om krities te dink? Wil jy eerder hê jou ore moet bevredig word met wat jy graag wil hoor, of sal jy luister na die harde, swaar woorde van ons Here Jesus Christus?

AFGEWATERDE PREKE PRODUSEER FALSE BEKEERLINGE

Mense-bevredigers word maklik verraaiers. Die "glo net, lig net jou hand", "dit is maklik om 'n Christen te wees", goedkoop genade en maklike geloof veroorsaak swak, vlak, selfgesentreerde jansalies wat false bekeerlinge is, en daarom maklik aanstoot neem teen Jesus se woorde.

IS JY GEHOORSAAM AAN GOD?

"En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie?" Lukas 4:46

JY SAL REKENSKAP GEE

"Maar Ek sê vir julle dat van elke ydele woord wat die mense praat, daarvan moet hulle rekenskap gee in die oordeelsdag." Matthéüs 12:36

"Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad." 2 Korinthiërs 5:10

DIE STRYD VIR ONS SIELE

Ons word konstant geboelie om aan die wêreld se standarde te voldoen. ("Almal doen dit!") **God se Woord beveel ons: Word verander deur die vernuwing van julle denke.**

Die wêreld sê vir ons om gulsig te wees.

God beveel ons om dankbaar te wees.

Die wêreld wil hê ons moet selfsugtig wees.

Ons word beveel om vrygewig te wees.

Die wêreld sê vir ons om te neem en op te gaar.

God sê vir ons dat ons moet gee en deel.

Die wêreld bemoedig hartlustige genot. ("As dit goed voel, doen dit!")

God beveel ons om op te offer.

Die wêreld sê ons moet selfgesentreerd wees. ("My, myself en ek")

Ons moet Christus-gesentreerd wees.

Die gees van hierdie wêreld is materialisme. ("Gee vir my! Gee vir my!")

Ons moet geestelik verstandelik wees – lewe in die lig van die ewigheid.

Die wêreld sê vir ons om "goed" lief te hê en om mense te gebruik.

Die Here beveel ons om Sy Skepsels lief te hê en om "goed" te gebruik.

Ons kan buig voor die afgode van roem en rykdom, **of ons kan weier om te buig voor enige afgode.**

Ons kan politieke- en sportshelde eerbiedig **of ons kan slegs God vrees.**

Ons kan kies om onself te regverdig, ("Ek is 'n goeie persoon!", "Dit is nie my skuld nie!")

of ons kan ons sonde bely en begewe.

Die wêreld sê dat ons wraak moet neem.

God sê ons moet **restitusie doen.**

Die wêreld bemoedig spoggerij.

Die Bybel leer ons om **nederig te wees voor God.**

God weerstaan die trotse, maar **Hy bewys genade teenoor die nederige.**

Jy kan die wêreld se goedkeuring koester, of **slegs goedkeuring wat kom van God.**

Jy kan doen wat populêr is, of **jy kan doen wat reg is.**

Jy kan die meerderheid se opinie aanvaar, of **jy kan met God se Woord saamstem.**

Jy kan die maklike weg kies, of **jy kan die korrekte weg kies.**

**ELKE KEUSE WAT JY MAAK,
maak van jou meer 'n skepsel van die Hemel,
of van die hel.**


"...kies dan vir julle vandag wie julle wil dien: òf die gode wat julle vaders daar oorkant die Eufraat gedien het, òf die gode van die Amoriëte in wie se land julle woon; maar ek en my huis, ons sal die Here dien." Josua 24:15



dr. Peter Hammond
Frontline Fellowship
Posbus 74 Nuweland 7725
Kaapstad Suid-Afrika
021 689 4480
mission@frontline.org.za
www.frontline.org.za



Die HARDE WOORDE van JESUS



“En baie van Sy dissipels het gesê toe hulle dit hoor: **Hierdie woord is hard, wie kan daarna luister?** En Jesus het in Homself geweet dat Sy dissipels hieroor murmureer, en Hy sê vir hulle: **Is dit julle tot ’n aanstoot?** Hoe dan as julle die Seun van die mens daarheen sien opvaar waar Hy tevore was? Dit is die Gees wat lewend maak, die vlees is van geen nut nie; **die woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en is lewe. Maar daar is sommige van julle wat nie glo nie. Want Jesus het van die begin af geweet wie hulle was wat nie glo nie...**” Johannes 6:60-64

AANSTOOT NEEM

Baie het aanstoot geneem oor Jesus se leringe. Hulle het geweier om te luister na Sy verduidelikings en was ongewillig om Sy leringe te aanvaar. Die Here het hulle uitgedaag – as hulle wil brom oor Sy harde leringe, wat sal hulle reaksie wees oor die ‘skandaal’ van die Kruisiging en die ‘oortreding’ van die Hemelvaart?

“Toe sê Jesus vir Sy dissipels: **As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg.**” Mattheüs 16:24

VRAE

Is die Woorde van Christus te hard vir jou?

“... maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom.” Johannes 3:36

Neem jy aanstoot?

“Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie... omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug.” Openbaring 3:15-16

Is Sy Woorde te skerp vir jou fyngewoelheid?

“En elkeen wat sy kruis nie dra en agter My aan kom nie, kan my dissipel nie wees nie.” Lukas 14:27

Voel jy beledig?

“Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die Koninkryk van die Hemele nie, maar hy wat die Wil doen van my Vader wat in die Hemele is.” Mattheüs 7:21

Is Sy Gebooie te drukkend?

“Hy wat nie met My is nie, is teen My; en hy wat nie saam met My versamel nie, verstrooi.” Mattheüs 12:30

Is Christus eerste in jou lewe?

“En Hy sê vir almal: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis elke dag opneem en My volg.”

Lukas 9:23

Of is jy in konflik?

“Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, hy sal dit red.” Lukas 9:24

Sal jy ook wegdraai?

“Wat baat dit ’n mens tog as hy die hele wêreld win, maar homself verloor of skade aandoen?” Lukas 9:25

Sal jy ook wegval?

“Want elkeen wat hom skaam vir My en My woorde, vir hom sal die Seun van die mens Hom skaam wanneer Hy kom in Sy heerlijkheid en dié van die Vader en van die heilige engele.” Lukas 9:26

VOORKEURE

Sal jy eerder ligte leringe verkies? Verkies jy nie-bedreigende en nie-konfronterende woorde, wat eerder vertroostend en gemaklik is? Verkies jy die sondaar-vriendelike, Willow Creek, Saddleback, Joel Osteen, Rick Warren, Bill Hybels, Gebed van Jabez, Opkomende kerk, tegemoedkomendheid, lafhartigheid, goedkoop genade en maklike-geloof?

“... Dit is onvermydelik dat die struikelblokke kom, maar wee hom deur wie hulle kom. Dit is beter vir hom as ’n meulsteen aan sy nek gehang en hy in die see gegooi word, as dat hy een van hierdie kleintjies sou laat struikel. Pas op vir julleself. En as jou broeder teen jou sondig, bestraf hom; en as hy berou kry, vergewe hom.” Lukas 17:1-3

KEUSES

Verkies jy om ge-amuseer te word, of **geleer** te word?

Wil jy eerder gerusgestel word, of **gekonfronteer** word?

Wil jy eerder aangemoedig word, of **geestelik opgebou** word?

Wil jy eerder gevlei word, of deur God se Woord **tereggewys** word?

Ons het ’n keuse tussen die maklike woorde van hierdie wêreld, of die harde Woorde van Christus.

KONTRASTE

Daar is baie wat aan ’n persoon maklike-geloof aanbied, maar Jesus Christus vereis **opofferende dissipelskap**.

Baie pastore bied ’n goedkoop genade aan, maar Jesus Christus vereis ’n volle **oorgawe aan God**.

Jy moet jou kruis opneem, jouself verloën, **DIE WÊRELD VERSAAK EN CHRISTUS VOLG**.

VREES JY GOD?

Sal jy verkies om eerder saam met die skare te wees?

“En Ek sê vir julle, My vriende: **Moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak en daarna niks meer kan doen nie;**

maar Ek sal julle wys wie julle moet vrees: vrees Hom wat, nadat Hy doodgemaak het, by magte is om in die hel te werp; ja, Ek sê vir julle, vrees Hom!” Lukas 12:4-5

DIE TROP MENTALITEIT

Sal jy eerder die trop wil volg? Wil jy saam met die meerderheid wees? Selfs ’n dooie vis kan saam met die stroom dryf.

WIE WIL JY BEHAAG?

Ons kan mense behaag of ons kan God behaag. Maar ons kan nie beide doen nie.

GEMAKSONE

Ons lewe in gemaklike wonings, bestuur gemaklike voertuie tot by lugversorgde inkopiesentrums, en gaan na gemaklike kerke, om gemaklike boodskappe te hoor.

DIE WÊRELD OF DIE WOORD?

Ons het ’n keuse: om populêr in die wêreld se oë te wees, of om getrou aan God se Woord te wees. Jy kan die goedkeuring van die mens uitsoek, of die goedkeuring van God.

DIE BESTE LEERMEESTER

Wie is die beste leermeester? Toe hierdie vraag die eerste keer aan my gerig was, het my gedagtes onmiddelik begin worstel, en toe sê die persoon dat, as ’n mens in die weermag was sal jy seker sê dat jou beste leermeester die sersant hoof was. Ek het dadelik die waarheid in daardie aanmerking raakgesien. Ja! Dit is waar! Want jou beste leermeester is nie die een wat jou die hele tyd prys en altyd gelukkig is met jou eerste poging nie. Die beste leermeester, of afrigter, is die een wat jou hard druk en verder stoot sodat jy beter kan doen, en hy/sy aanvaar nie jou tweede beste nie. Die beste leermeester is die een wat meer vereis en wat jou instaat stel om soveel meer te bereik as wat jy ooit gedink het moontlik is.

REINIGING VAN DIE TEMPEL

Ons Here Jesus Christus het die godsdienstige skynheiliges bestraf en het die korrupte Joodse geldwisselaars uit die Tempel gedryf met ’n sweep. Jesus het gesê: “Nee, sê Ek vir julle; maar **as julle jul nie bekeer nie, sal julle almal net so omkom.**” Lukas 13:3

WAT IS JOU RIGTING?

Ons is beveel om eers die Koninkryk van God en Sy geregtigheid uit te soek, en dan sal al hierdie dinge aan ons gegee word (Mattheüs 6:33).

Jy staar ’n duidelike keuse in die gesig tussen die wye pad wat na die verderf lei en die smal pad wat lei na ewige lewe (Mattheüs 7:13-14).